**Sondag, 7 November 2021**

## Eén doop – teken dat God hier (in ons) leef en werk!

*"Daarom spoor ek julle aan om... julle daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk, te bewaar deur die band van vrede –*
*<u>een</u> liggaam en <u>een</u> **Gees**, soos julle ook deur julle roeping tot <u>een</u> hoop geroep is;*
*<u>een</u> **Here**, <u>een</u> geloof, <u>een</u> doop,*
*<u>een</u> God en **Vader** van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is."*
(Efesiërs 4:1, 3-6)

Sewe maal één. Soos 'n snoertjie krale aaneengeryg, asof dit jou wil help onthou wie ons is. Of soos sewe sterre in die naghemel wat jou die pad laat vind na die woning van God. Of – soos dit ook al genoem is – die sewevoudige "scala sancta"; trappe wat oplei na die heilige teenwoordigheid van God...

Want dáár leef die kerk, die "*ecclesia*", die "geroepenes van God in die hawestad Efese en omliggende dorpies aan wie Paulus so geheg was (Handelinge 20:17-38); aan wie hierdie brief gerig is, heelwaarskynlik uit die gevangenis (Efesiërs 3:1); aan wie hy dankbaar in sy gebede dink (1:16-17). Die verskeidenheid aan beelde om hulle te beskryf, is in hierdie brief oorvloedig: "*ons is as kinders aangeneem en begenadig*" (1:5-6); "*ons is losgekoop as eiendom van God*" (1:14); ons is "*die liggaam van Christus, Hý die Hoof*" (1:23); ons wat ver was, onbesnede en uitgesluit, "*het naby gekom*" (2:13); "*nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers*" in die koninkryk van God (2:19); "*lede van die huisgesin van God*" (2:19); "*opgebou tot woonplek van God*" (2:22). Die kerk leef – óns – waar God is...

Nee, die kerk is nie 'n gebou by die sirkel in Dan Pienaar (of elders) nie; die gebou waarin God woon, is óns! Ons wat (oral) leef in die teenwoordigheid van God! En soos Gód leef, só leef die kerk. Omdat die kerk – óns – die vrug is van God se werk; God Drie-Enig. Ons identiteit is onlosmaaklik verbind aan die wese van God, wat ons tot Syne geroep het. Só verbind Paulus ons bestaan as "een liggaam" en die "hoop" waarmee ons leef, aan die één Gees van God (4:4). Verbind hy die "geloof" waarin ons deel en die "doop" waardeur ons ingelyf is, aan die één Here (4:5). Eien hy ons "almal" as diegene waarin die één God en Vader woon en waardeur Hy werk (4:6)!

Dít is waaraan die sigbare teken vanoggend voor ons oë – die doop – ons herinner: God Drie-Enig is hier by ons, in ons, aan't werk...

**JL.**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Crombhout; en die gesinsdiens in die saal deur ds. Johan Marais. Die diens is ook vooraf opgeneem en word via ons weblad, op Facebook en op Berg-en-Dal se You Tube kanaal na alle lidmate wat nie in die kerk kan wees nie, uitgestuur.

## LITURGIE

**Aansteek van Wydingskers:** Magda van Wyk

**Wydingslied:** "U self het ons geroep, Heer" (Lied 162:1, 2 en 3)

**Votum & Seëngroet**

**Loflied:** "Prys die Here, loof en prys Hom" (Psalm 146:1, 5 en 6)

**Herinnering aan Gods wil:** Deuteronomium 5:6-21 en 6:4-9

**Verootmoediging:** "My enigste troos in lewe en dood" (Lied 292:1 en 2)

**Die genadeteken van die doop...**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Doopbediening aan:** Livvy Potgieter en Juando Roque

**Gebedslied:** "Laat, Heer, u seën op hul daal" (Lied 268)

**Epiklesegebed**

**Skriflesing:** Efesiërs 4:1-8 en 11-16

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Slotlied:** "Heil'ge Gees, U bou 'n tempel" (Lied 453:1 en 2)

**Seënbede**

**Orrelnaspel:** "Sollt' ich meinem Gott nicht singen" (L 453, Karg-Elert)

Met dank aan ons digitale span wat die uitsending moontlik maak: Johan Cromhout, Magriet Zietsman (blomme), Ampie Human, Danie Joubert, RW Adendorff, Adri van den Berg en Rita van Zyl.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 7 November | 15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens).<br>18:00 – ds. Johan Marais (Graad 7-diens). |
| Sondag, 14 November | 09:30 – ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Jan Lubbe (Afsluiting: Junior Kategese).<br>15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens).<br>18:00 – ds. Johan Marais (Afsluiting Senior Kategese). |
| Sondag, 21 November | 09:30 – ds. Jan Lubbe (Kerssangdiens). |

## EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag ‘n bedrag van ten minste R 500,00 oor aan die instansie soos op die program vir sinodale deurkollektes vermeld (7 November: Fonds vir Teologiese Opleiding).

SnapScan

‘n Inligtingspamflet oor die teologiese opleiding van die NGK Vrystaat is by die kerkkantoor beskikbaar.

Jy kan ‘n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

***Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...***

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 07 Nov | Cassie du Plessis en Magda van Wyk. |
| 08 Nov | Claudine Engelbrecht en Magdel Louw. |
| 09 Nov | Dete Jansen en Rina van Rensburg. |
| 10 Nov | Herman Strauss en Alida Strydom. |
| 11 Nov | Lana Buys en Schalk Wentzel. |
| 12 Nov | Joréda Hoffman, Nieke Matthee en Helena Samuel. |
| 13 Nov | Stephan Benadé, Shirene Botha, Frans de Jager, Dawid Griesel, Cobus Marais en Miguel van Wyk. |

Ons gelukwense aan die doopfamilies vanoggend: Jacques en Chanet Potgieter (Alcacestr. 11, wyk 19a) met Livvy, en Tony Roque en Elandri Wasserman (De Bruynstr. 45, wyk 13) met klein Juando – mag die Here jul as ouers en gesinne seën met al die genade en lig waarvan die doop spreek. Ons wens ook vir Johan Botha en Louise Korb (Serenitas 28, wyk 15) hartlik geluk met hul huweliksbevestiging verlede naweek.

Dan gaan ons gebede uit na almal wat siek is, of in hospitale en tuis aansterk: Esmé Schreuder (Siësta, wyk 10); Madeleine Human (Sewe Damme 56, wyk 8b); Tannie Anna Bobbert (Aliquando, wyk 12a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a) en Marlian Schutte (Mockestr. 20, wyk 9b).

In ons gebede en meelewing, is steeds Juanique van Zyl en Francois (Urquhartstr 12, wyk 19b), by die heengaan van haar ouma, en aan die Posthumus-gesin van Christiana en al sy Graad 10-klasmaats, met die tragiese sterwe van Hanru. Ons dank verder, aan almal wat as ‘n huldeblyk bygedra het tot die gedenkfonds vir Tannie Marietjie Cilliers – dit het ‘n bedrag van R 3 000 beloop, en ons het dit bewillig vir die Gladstoneweg Jeugsorgsentrum vir die aankoop van ‘n nebulizer. Dankie ook aan Oom Krynauw en Helena Cilliers vir die olyfboompie wat jul aan die gemeente geskenk het. So sal ons haar onthou...

Ons vra ook voorbidding vir alle lidmate wat vanoggend as ouderlinge en diakens vir ‘n nuwe termyn in die kerkraad aangewys is. Mag jul die wysheid van die Here ontvang om ons gemeente se huishouding te bestuur.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
'n Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense. Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) as jy graag die gebedsversoeke wil ontvang.
Sondagoggend 08:30 is daar lidmate wat saam bid vir ons eredienste in Berg-en-Dal, die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan net daar by jou huis ook só stilword…
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die **Psalms**; 'n kort video, werksblad en stemboodskap met inligting word per w/a uitgestuur. Kontak ds Jan by 082 784 9362.
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep werk ook aanlyn, met die boek **Amos**, die skaap- en wildevyeboer van Tekoa: *"Ware geloof het hande en voete"*. Kontak gerus vir ds. Johan by 084 517 8052 om hierby in te skakel.

## KERKRAADSAKE

**Pastorale sorg:**
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of gesprek is, kontak ons gerus.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In November sorg **Wyke 13** (Verre Weste) en **14** (Westdene) vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, skakel Rita (083 656 1680).

**Kantoorure:**
Maandae tot Donderdae, 08:00-13:00; Vrydae 08:00-16:00 en Sondae 10:30-11:15.

**POPI-Wet oor die beskerming van persoonlike inligting:**
Maak asb. seker dat jou toestemmingsbrief by die kerkkantoor geteken is...

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Groot nuus oor die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling!**
Die Bybelgenootskap het 'n spesiale aanbod vir die nuwe Afrikaanse Bybel: 'n Medium-grootte, hardeband uitgawe @ R 99,00! Besoek die kerkkantoor of Bybelhuis.

**Almanak 2022:** Ons is tans besig om die Almanak vir 2022 saam te stel; indien jy 'n Bybelvers by 'n spesifieke maand geplaas wil hê of 'n besigheids/dienste-advertensie – kontak die kerkkantoor asb. met besonderhede vóór Vrydag, 5 November 2021.

**Sondagmiddagete te bestel: Vir 28 November!**
Ons bied weer 'n heerlike Sondagmiddagete aan te bestel en vir wegneem: Twee frikadelle op rys, groenbone, pampoenpoffers, aartappelslaai en appeltert met vla @ R 80 p/p. Sms jou bestelling (073 180 3193) of plaas by die kerkkantoor vóór Maandag, 22 November om 12:00.

**Jaareind-Stilwordkans by Menuha:** Almal word uitgenooi om aan die einde van hierdie maand – Vrydag en Saterdag, 26 en 27 November 2021 – saam te kom na Menuha en in die mooi oop veld, stil te raak en God se heilsame teenwoordigheid te beleef, en tot rus te kom. Koste beloop R 350 p/p en sluit alles in. Kontak ds. Jan (082 784 9362) of die kerkkantoor om jou plek te bespreek.